# SAHARA AVONTUUR REEKS

## 6. Dood met Sonop



MEIRING FOUCHE

# DOOD MET SONOP

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2025

# DOOD MET SONOP

Die voorblad illustrasie vir die Sahara Avontuur Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

DOOD MET SONOP
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-05-6

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

In die ongenaakbare Sahara-woestyn word ’n klein patrollie van die Franse Vreemdelegioen, insluitend die atletiese Suid-Afrikaner Teuns Stegmann, die formidabele Duitser Fritz Mundt en die siniese Engelsman Jack Ritchie, gekonfronteer met die dreigende gevaar van ’n reuse sandstorm. Sersant Catroux, wat die groep lei, sukkel om veilige skuiling te vind terwyl Fritz die naderende gevaar reeds aanvoel en weet wat dit beteken. Skielik verskyn twee kameelruiters ver voor hulle wat ooswaarts jaag. Die patrollie, gedryf deur wanhoop, volg dadelik in hul spore op soek na redding van die dodelike storm.

Soos die storm nader kom, vind hulle ’n versteekte oase, wat welkome uitkoms bied in ’n klein kleihut. Binne in die hut ontdek hulle ’n onverwagte en onwelkome teenwoordigheid: Madame Brigitte Bonnet, die “Heks van die Sahara,” saam met haar sieklike metgesel, professor Benesj. Brigitte is berug vir haar dodelike gas-eksperimente by Fort Laval, waar sy verskeie legionmanne aan grusame marteling onderwerp het. Nou het die noodlot hulle saam gedwing en die omstandighede geskep vir ’n uiters gespanne konfrontasie. Teuns bevind homself vasgevang tussen die behoefte aan oorlewing en die brandende begeerte na wraak, terwyl hy en die ander hul verledes en die toenemende belange in die onvergewensgesinde woestyn moet konfronteer.

Teuns, ten spyte van sy lojaliteit aan die Vreemdelegioen, begin die grense tussen plig en geregtigheid bevraagteken en begin kort daarna ’n waaghalsige plan formuleer om die dodelike Madame Bonnet te oorweldig. Sal Teuns se desperate waagstuk slaag en is die geheime wat onder die Sahara se sand begrawe lê, gevaarliker as die storms daarbo?

## UITTREKSEL

Die Legioenmanne gaan sit weer tussen die soldate en hulle weet nou finaal dat hulle verloor het. Hulle voel seer en teleurgesteld omdat hulle so amper hier ver bo die Sahara ’n oorwinning behaal het, maar hulle besef dat hulle nou in hul pasoppens sal moet bly, anders kan daar moeilikheid kom. En in daardie geval gaan hulle bepaald aan die kortste end trek. Hierdie soldate is nou wawyd wakker en hulle sit met hul snelgewere gereed. Dit lyk asof die bakleiery al die invloed van die drank uit hulle verwyder het.

Almal van hulle lyk maar oes. Hulle is vol blou kolle, op plekke is hul klere stukkend geskeur en op ander plekke loop bloed in straaltjies van hulle af.

Teuns kyk onderlangs na Fritz Mundt en hy kan nie help om vir die groot Duitser te lag nie, want ’n heerlike blou oog is besig om op sy groot rooi gesig te ontwikkel.

“Lyk amper of jy in ’n deur vasgeloop het, ou grote,” spot Teuns. Fritz maak net sy keel skoon, maar sê niks nie.

“Dit is een wat my skelm van agter af bekruip het,” kla Fritz. “Nie een van hierdie vuilgoed sal my ooit in ’n reguit geveg op die oog slaan nie!”

Hy glimlag op sy beurt vir die Suid Afrikaner. “Jy lyk asof ’n aasvoël jou beetgehad het,” sê hy vir Teuns. Dan kyk Fritz na sersant Catroux. “Sersant,” sê hy, “ons het nou wel verloor, maar dit was darem ’n lekker ou baklei!”

# 6. DOOD MET SONOP

## Hoofstuk 1

### WIND VAN DIE WOESTYN

Hulle is net sewe stuks bymekaar. Net sewe soldate in die grenslose oneindigheid van die Sahara. Hulle dra die blou baadjies en die wit kepies van die Franse Vreemdelegioen.

Sersant Catroux, die klein grys Fransmannetjie met sy parmantige snorretjie en lewendige blou ogies, Fritz Mundt, die Duitser, grootste en sterkste in die ganse Vreemdelegioen, Teuns Stegmann, die blonde Suid Afrikaner, breed van skouers, maar lenig van beweging soos ’n atleet, Jack Ritchie, die Engelsman, wat as swartskaap deur sy familie uitgeskop is. Dan is daar ook nog Podolski, die Pool, wat by die Legioen aangesluit het omdat sy vet vrou hom tuis amper tot raserny gedryf het, Petacci, ’n Italianertjie wat in sy vaderland soveel haatspraak gepreek het dat hy moes vlug en laastens Jorgensen, die groot, lomp Noor wat lyk of hy altyd van die koel fjords van sy vaderland droom.

Hul stewels knars noordwaarts deur die sand en hul waterflesse klap-klap op hul beswete rûe.

“Ek wens daar wil iets gebeur,” gaap Podolski, die dapper Pool wat in hierdie woestyn al soveel bloedvergieting aanskou het. Hierdie stappery maak my stapelgek. Al bevlie ’n aasvoël ons nou, net sodat ek hom met my bajonet kan doodsteek.”

“Maar jy’s vrolik, jou groot Pool,” sê Teuns Stegmann en kyk om na Podolski. “As jy te veel energie het, waarom drafstap jy nie vooruit na Fort Laval toe nie.”

“Hy’s skoon kinds,” brom Jorgensen. “Wie wil nou in hierdie hitte moeilikheid soek?”

“Sommer grootbekkigheid,” kap Petacci die Italianer.

Podolski steur hom nie aan die andere nie. “Of hoe sê jy, ou grote?” wend hy hom tot Fritz Mundt. “Jy soek mos altyd aksie, nie waar nie? Hierdie ou patrollies deur die sand maak my sat!”

Maar Fritz Mundt antwoord nie. Hy steek sy voorvinger in sy mond, hou dit ’n rukkie daar en dan steek hy dit so in die loop omhoog net soos iemand wat na iets in die diepblou lug beduie.

“Lyk my die ou grote is besig om ook kinds te word,” spot Teuns. “Hy loop nou al sy vinger en suig soos ’n kind.”

“Wag, ek dink hy gaan weer ’n groot voorspelling waag,” terg Jack Ritchie. “Hy is mos die groot orakel van die woestyn.

Hulle kyk verbaas na die groot Duitser wat altyd so voor op die wa is, gereed om te reageer en opvlieënd van geaardheid, nie alleen met sy mond nie, maar ook sommer met sy vuis.

Hy draai sy kop in die rondte, kyk omhoog en neem die hele gesigseinder met sy oë op wat op skrefies getrek is.

“Daar’s groot wind op pad,” sê Fritz Mundt dan sag.

“Wind!” proes Teuns Stegmann en die ander gaan almal aan die lag. “Die enigste wind in hierdie woestyn op die oomblik, is die wind in daardie groot windbek van jou!” sê die Suid Afrikaner verder.

“Ek sê vir julle daar is wind. ’n Mens kan dit nie voel nie, maar dit is daar en dit is ’n soort wind waarvan ek nie hou nie. Ek dink Podolski gaan binnekort al die aksie kry waarna hy so verlang.” Sonder ’n verdere woord stap die Duitser uit die kort linie en haas hom na waar sersant Catroux kop onderstebo hier voor hulle aanstryk.

“Ek dink ou Fritz se kop werk nie meer reg nie,” vertel Jorgensen hier agter, maar Petacci help hom reg. “Hy ken hierdie woestyn al deeglik. Hy voorspel nooit verkeerd nie.”

“Dan het maarskalk Rommel darem een bewonderaar in die Vreemdelegioen,” terg Podolski vir Petacci.

Dan swyg hulle en luister na wat Fritz Mundt vir Catroux sê.

Hulle kan dit egter nie hoor nie en dan bring Catroux sy klein patrollie skielik tot stilstand.

Hy kyk onmiddellik weswaarts na waar die kolossale Atlasberge blouerig en groot uit die woestyn opstaan en hul kruine opstoot, skynbaar tot aan die hemel. Hy haal sy verkyker uit en kyk ook in die rondte terwyl die ander manne, behalwe Fritz, dankbaar op die warm sand neersak om hul moeë bene bietjie te laat rus.

Catroux steek sy verkyker weer in die sakkie en dan doen hy dieselfde as Fritz Mundt, hy steek sy vinger in sy mond en hou dit dan omhoog.

"*Mon Dieu*," roep Catroux uit. "Dit is heeltemal waar. Daar is wind aan die kom, wind wat mens nie maklik kan aanvoel nie."

Op daardie selfde oomblik kom 'n klein dwarrelwind hier oor hulle gehuppel, net 'n klein enetjie en dit waai hul gloeiende wange koel. Die kêrels kyk vinnig na mekaar want hulle weet wat dit beteken.

"Kyk daar, *mon Sergent*," sê Fritz vir Catroux en beduie met sy hand in die lug op.

Catroux kyk op en hy sien hulle, klein swart stippeltjies, so oneindig hoog dat 'n mens hulle skaars kan raaksien. Die stippeltjies beweeg ooswaarts.

"Hulle vlieg nie so hoog vlieg as daar nie sterk lugstrome is nie, *mon Sergent*," merk Fritz Mundt op.

"Dit is waar," beaam Catroux. "Aasvoëls weet wanneer hulle moet padgee."

Die ander kêrels kyk ook op, hul oë nou getrek en meteens sonder dat hulle dit self weet, raak hul asemhaling dieper en meer onegalig.

"En kyk daar, *mon Sergent*," sê Fritz Mundt en beduie na die son.

Catroux kyk daarheen. Die Sahara-son is vandag heeltemal anders. Dit

is nie ’n helder verblindende bal vuur nie. Dit is ’n koperskyf wat vurig glinster asof ’n mens dit gepoets het sodat dit blink en skitter.

Maar dit is vir hulle nie meer nodig om te kyk nie, hulle kan dit nou ook voel. Dit voel vir hulle meteens of hulle in ’n lugleë ruimte is wat hittig is soos ’n oond. Dit jaag die sweet uit hulle liggame, maak asemhaling moeilik en dit voel of ’n mens se kop dreun en dit na buite toe wil oopbars.

“Sandstorm aan die kom, *mes amis*,” sê Catroux net en die sersant het seker nog nooit woorde gepraat wat vir hierdie manne so ’n ontsettende betekenis gehad het nie.

“Voel jy nog lus vir aksie, Podolski?” vra Petacci en daar is ’n wêreld se betekenis in daardie klein donker ogies van hom.

Podolski kyk net na die horison en sê niks nie, want hy sal eerder ’n duisend myl deur die woestyn marsjeer as om met een van die Sahara se sandstorms deurmekaar te raak.

“Wat gaan ons aanvang?” vra die praktiese Jorgensen. “Ons is nog tagtig myl vanaf Fort Laval! En as hy ons hier in die ope vang, is dit moontlik klaarpraat met ons.”

Hulle weet dat dit die waarheid is, want hulle weet hoe hierdie Sahara-storms klippies en sand horisontaal met die grond kan laat dryf sodat dit jou klere van jou liggaam afvreet, die vel van jou hande en jou gesig afskuur en in jou mond en jou neusgate indring totdat jy eindelik versmoor, as jy nie uiters versigtig is nie. Hulle weet ook dat hierdie storms partykeer vier dae lank duur.

Geen mens dit kan oorleef as dit straf is en jou in die ope tref nie. Dit pers eenvoudig al die vog uit jou liggaam en maak jou later waansinnig maak van dors.

Hulle het al slagoffers gesien waarvan hul ooglede deur die vliegende sand weggevreet was sodat hul oë oop, kaal en aaklig in hul holtes gesit het.

Dit alles weet hulle. Daarom loer hulle nou angsvallig na mekaar en dan weer na die horison wat op die oomblik nog so stil en vreedsaam lyk.

Maar hulle weet ook dat hierdie woestynstorms binne ’n paar oomblikke kan verskyn, sommer hier van agter ’n duin of op ’n gelykte.

“Wat gaan ons aanvang? Hier is nie eens ’n klip om agter te skuil nie?” vra Jorgensen weer klaend.

“Jy gee net jou rug vir die storm tot jy nie meer ’n rug het nie,” raai Teuns Stegmann hom aan. “Teen die tyd dat jy nie meer ’n rug het nie, is jy in elk geval kaput.”

“Jou vel is so taai dat ’n woestynstorm jou nie eers sal dood kry nie,” sê Jack Ritchie.

Hulle praat lughartig, nie uit vreugde nie, maar uit vrees, want hulle het al gesien hoe dat ’n woestynstorm in een nag ’n yslike rots uit die grond kan optower. Daar waar daar nooit voorheen een was nie, bloot deur die sand weg te voer en die rots wat onder die grond was, te ontbloot.

Catroux het op die grond gaan sit en ’n landkaart uit sy lang, silindervormige houer getrek.

’n Dwarrelwindjie vlieg weer oor hulle en laat die kaart in Catroux se hande rondruk. Met sy vinger deursoek hy vlugtig die omgewing. Hy soek wanhopig na ’n plek waar hulle teen die storm sal kan skuil. Fritz Mundt staan belangstellend hier oor die sersant se skouer en tuur na die kaart.

Fort Laval, tagtig myl van hulle af, buite die kwessie. Wadi Dinar, twee-en-sewentig myl ooswaarts, buite die kwessie. Die Bihar-hoogland met sy snaakse rotsformasies, honderd myl na die suidooste, buite die kwessie. Die oase Harba, sewentig myl na die weste, buite die kwessie.

“Baie plesierig,” sê Catroux eindelik, maar hy kan die ontsteltenis nie agter sy woorde verberg nie. “Ons het hoogstens ’n uur of bietjie meer voordat die storm sal tref en die naaste skuiling is sewentig myl van ons

af. Sien julle dalk kans om oase Harba binne 'n uur te bereik, *mes amis*?"

Hulle lag net ongemaklik en kyk na mekaar, sonder om te praat.

Meteens spring Teuns Stegmann op. "Kyk daar, *mon Sergent*!" skreeu hy. "Hy is reeds in aantog!"

Die ander spring ook dadelik op. 'n Ligte wind, soos van 'n waaier, raak hul warm gesigte aan, maar hulle kom dit nie eens agter nie.

Want die Atlasberge wat hulle vyf minute gelede nog gesien het, het verdwyn!

Daar is geen teken meer van die berge nie. Want duskant hulle hang die vreeslike gordyn, amper knalrooi, bewend en buigend en swaaiend. Stof en sand maal krullend opwaarts totdat dit lyk asof dit die blou hemel self kan aanraak en rooi verf.

Weer vang daar 'n skielike sterk windjie hulle en dit laat hul broekspype fladder.

Die drukking word nou vinnig groter en die woestyn se hitte neem toe.

Hul oë is groot en blink en hulle probeer die vrees in hul droë kele afsluk.

"Laat ons agter die naaste hoë duin gaan skuil!" roep Petacci geesdriftig uit. "Ons kan nie hier op die gelykte bly staan nie."

Catroux staar met 'n soort medelye na Petacci, amper soos 'n vader na sy kind sou staar as die groot onkunde aan die dag lê.

Dit is Fritz Mundt wat Petacci se geesdrif heeltemal demp. "Het jy nog nooit gehoor dat die Sahara-mamma die grootste duine binne 'n paar uur heeltemal verskuif nie, Italianer? Of voel jy lus om onder 'n duin begrawe te word?"

"Maar, maar...," probeer Petacci weer.

“Moenie jou kop breek nie, Petacci,” sê Podolski met sy oë strak op die storm gerig, “want oor ’n uur of so sal dit nie meer vir jou nodig wees om planne te maak nie. Jy het nog hoogstens ’n uur oor om jou oor jou sondes te berou en jou oor jou weldade te verheug.”

“Maar ons kan nie net hier staan en niks doen nie!” skreeu Petacci, en Catroux sien dadelik hoe die histerie in sy oë huiwer.

Hulle staar nou almal na die storm en die voorwind wat dwarrel, draai, fluit en dan weer heeltemal stil raak, laat die krae van hul kepies wild rond fladder.

Catroux is aanvanklik so verstar dat hy nie kan roer nie. Dit is asof die sersant gehipnotiseer word deur die aaklige skouspel wat op hulle aangerol kom. Die stof krul soos drake tonge hemelwaarts en die lug het nou heeltemal rooigrys geword, asof ’n onbeskryflike mag stadig besig is om die hele aardkors hemelwaarts op te suig.

“Al raad is dat ons ons moet ingrawe, *mon Sergent*,” sê Fritz Mundt eindelik.

Sy woorde ruk Catroux weer terug tot die werklikheid.

“Grawe julle self in!” beveel die sersant. “Julle koppe moet ooswaarts wys!”

Hy gee ook maar net hierdie bevel omdat hy aan niks anders kan dink nie, want hy weet baie goed dat al kry jy jou hele liggaam onder die sand bedek, die onkeerbare krag van die storm jou tog uiteindelik sal oopwaai en jou dan sal opruk en wegslinger. Dit sal jou oprol en wegvoer tot waar jy nie meer bewus is van wat gebeur nie. Daarna sal dit jou na ’n hoë duin waai, waar dit jou onder tonne sand sal begrawe.

Nadat die storm oor is, sal hulle nie eens weet waar hierdie patrollie gesterf het nie. Dit weet Catroux, vir wie hierdie nie die eerste Sahara storm is wat hy beleef nie.

Die wind dwarrel om hulle heen en waai hul warm sweet koud op hul